higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N940**(A)**(M30)H

**NASIONALE SERTIFIKAAT**

# KOMMUNIKASIE N6
(Eerste Vraestel)

(5140286)

**28 Mei 2019 (X-Paper)**
**09:00–12:00**

**OOPBOEKEKSAMEN**

**Kandidate mag TWEE woordeboeke (tweetalig en/of verklarend) en TWEE addisionele verwysingsbronne gebruik.**

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye en 2 addenda.**

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KOMMUNIKASIE N6
(Eerste Vraestel)
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AGTERGROND

| |
|---|
| Jy het afstudeer as haarkapster en werk tans by een van die gewilde haarsalonne in jou dorp. Vir 'n ekstra inkomste doen jy professionele grimering vir matriekafskeide en troues. Jou afsprake neem toe en jy oorweeg om dit 'n voltydse beroep te maak en jou eie salon te open. Na VYF jaar het jy genoeg geld gespaar om 'n winkel te huur waar jy jou eie skoonheidswinkel en -salon kan begin. Jy besluit om die winkel Canvas Skoonheidsalon te noem. Jou winkel is populêr genoeg sodat jy drie assistente kan bekostig. |

## VRAAG 1: WELWILLENDHEIDSBRIEF

Jy besluit om vir jou vorige werkgewer, Kittie Willemse van Kittie's Salon, 'n welwillendheidsbrief te skryf nadat jy hoor dat sy met longkanker gediagnoseer is. Sy het jou ondersteun toe jy besluit het om jou eie besigheid te begin en jy het waardevolle lesse by haar geleer.

Gee TWEE voorbeelde van die lesse wat jy by haar geleer het. Wens haar voorspoed en spoedige herstel toe met haar siekte en bied jou hulp aan om haar te ondersteun.

Skryf hierdie minder formele brief gedateer 15 September.

| INHOUD: 7 | UITLEG: 4 | TAAL: 4 |
|---|---|---|

**[15]**

## VRAAG 2: PERSVERKLARING

Baie vrouens vra jou vir raad oor haarstyle en grimering wat by hul gesigvorm sal pas. Jy besluit om 'n dames oggendtee op 20 Oktober om 09:00 in die gemeenskapsaal te hou waartydens jy wenke sal gee oor professionele grimering en haarstyle wat by verskillende tipe gesigstrukture en velle pas.

Tydens die oggend sal drie gelukkige trekkings gehou word wat 'n gratis grimering en haarstylering sal ontvang. Die kaartjies beloop R120 per persoon en ligte verversings sal verskaf word. Daar is slegs 'n 100 kaartjies beskikbaar.

Daar sal ook geleentheid gebied word vir 8 winkel eienaars om hul produkte tydens die oggend te adverteer en te verkoop. Die eerste 8 eienaars wat 'n bedrag van R250 betaal, sal akkommodeer word.

Vir enige navrae kan die winkel se telefoonnommer geskakel word.

Skryf hierdie persverklaring wat 'n embargo het vir 6 Oktober.

| INHOUD: 12 | UITLEG: 4 | TAAL: 4 |
|---|---|---|

**[20]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 3: PROGRAM

Jy vra een van jou assistente om van jou kernnotas gebruik te maak om die program vir 20 Oktober se damestee te ontwerp.

Kernnotas:
09:00 opening en verwelkoming (10 min), eienaar, gemeenskapsaal; 'n haarstyl en kleur vir elke gesigvorm (40 min), Denise Harmse – haarkapper, gemeenskapsaal; 20 groot grimeringsfoute (40 min), eienaar, gemeenskapsaal; breuk (45 min), vingerete bedien met koffie, tee en sap, stalletjies kan besigtig word, kos sowel as stalletjies op patio; gelukkige trekkings (5 min), Dina Molefa – naelspesialis, gemeenskapsaal; demonstrasies (90 min), eienaar, gemeenskapsaal; afsluiting, eienaar, gemeenskapsaal.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **INHOUD: 15** | **UITLEG: 2** | **TAAL: 3** | **[20]** |

## VRAAG 4: VORDERINGSVERSLAG

Jy vra vir Dina Molefa om 'n vorderingsverslag saam te stel in verband met die voorbereiding van die damestee. Jy benodig die verslag twee weke voor die damestee.

Dina het reeds teen 27 September met die plaaslike munisipaliteit bevestig dat die gemeenskapsaal op 20 Oktober deur Canvas Skoonheidsalon gebruik sal word. Die kaartjies na die geleentheid is ook teen 1 Oktober reeds uitverkoop, almal was verantwoordelik vir kaartjieverkope.

Die saal sal die aand voor die damestee skoongemaak en versier word, Denise neem veranwoordelikheid hiervoor.

Denise het drie kwotasies aangevra vir 'n vingerete, teen 10 Oktober sal die besluit geneem word rondom die verskaffer wat gebruik sal word.

Maak gebruik van die volgende opskrifte om die verslag in memostyl op te stel.

Naam van die organisasie
MEMO
Agtergrond en doel
Afgehandelde take
Take wat tans aandag geniet
Onafgehandelde take
Gevolgtrekking
Handtekening

| | | | |
|---|---|---|---|
| **INHOUD: 11** | **UITLEG: 4** | **TAAL: 5** | **[20]** |

## VRAAG 5: TELEFOONBOODSKAP

Op 6 Oktober die middag, bel Mnr David Kriel van die munisipaliteit. Daar is per ongeluk 'n dubbele bespreking vir die gemeenskapsaal op 20 Oktober gemaak en die ander maatskappy se bespreking vir die saal is vroeër gemaak en daarom sal die saal aan die ander maatskappy toegestaan word. Jy was op daardie stadium nie op kantoor nie en daarom het Denise die boodskap geneem. Mnr Kriel het gevra dat jy hom dringend moet terugskakel.

Gebruik ADDENDUM B en skryf die telefoonboodskap soos jy dit van Denise ontvang het.

| INHOUD: 5 | UITLEG: 3 | TAAL: 2 |
|---|---|---|

**[10]**

## VRAAG 6: SPESIALE VERGADERING

Nadat jy die telefoonboodskap ontvang het, besef jy dat jy 'n spesiale vergadering met jou personeel moet hou. Die doel van die vergadering is om reëling te tref vir 'n nuwe lokaal waar die damestee gehou kan word.

Stel die kennisgewing en agenda vir hierdie vergadering op. Maak gebruik van die memo formaat. Die vergadering sal om 18:30 op 6 Oktober in die winkel gehou word na die dag se werksaamhede.

| INHOUD: 11 | UITLEG: 2 | TAAL: 2 |
|---|---|---|

**[15]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou

**ADDENDUM A** **EKSAMENNOMMER:**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

**VRAAG 2: PERSVERKLARING**

**CANVAS SKOONHEIDSALON**

**NAVRAE:** ____________________________________________________________

**PERSVERKLARING** **Vir vrystelling:** ______________________________

**[20]**

**ADDENDUM B** **EKSAMENNOMMER:**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

**VRAAG 5: TELEFOONBOODSKAP**

**CANVAS SKOONHEIDSALON**
**TELEFOONBOODSKAP**

**AAN:** ____________________ **VAN:** ____________________

**DATUM:** ____________________ **FIRMA:** ____________________

**TYD:** ____________________ **TEL:** ____________________

**BOODSKAP:**

**GENEEM DEUR:**

**[10]**

Kopiereg voorbehou